**8 Maart 2026**
**Oggend diens**
**Sing:** Ps. 66:1,2; Ps. 66:7; Ps. 32:1,6; Ps. 1:1,2; Ps.68:1,5.
**Lees:** Mar. 11:12-26
**Teks:** Mar. 11:22
**Tema: Christus vervloek ‘n vrugtelose geloof en roep ons daarom op tot ‘n vaste geloof.**
***Christus se soeke na ‘n vrugtevolle geloof***
Toe Christus op die rug van ‘n jong esel in Jerusalem ingery kom het was die mense vervul met blydskap oor die Messias in hulle midde. Hulle het egter nie besef dat Jesus die vrug van geloof by die volk sou soek nie. Christus het die vyeboom langs die pad gesien en het nader gegaan met die hoop dat daar vrug sou wees. Die vyeboom is teken van die volk se diens aan die Here. Christus soek geloofsvrug, maar dit was nie by die volk te vinde nie. As gelowiges moet ons weet dat Christus ook geloofsvrug by ons soek
***Christus se vervloeking van ‘n vrugtelose geloof.***
Wanneer Christus by die vyeboom kom en hy sien dat daar geen vrug is nie, vervloek hy die boom en dit het dadelik verdroog. Die oordeel van die Here kom oor die volk wanneer hulle nie vrug dra nie. Elders in die Bybel word die dissipels gewaarsku dat die Here die lote van die wynstok wat nie vrug dra nie sal uitkap en verbrand. Die vrugteloosheid van die volk het sigbaar geword in hulle tempeldiens en die vervloeking van Christus in die feit dat die tempel afgebreek en verwoes sal word. Dit is in hulle vrugteloosheid dat hulle nie die Messias herken het wat in hulle midde is nie.
***Christus se opwekking tot ‘n vaste geloof.***
Die waarskuwing van die vrugtelose geloof dien vir die dissipels as ‘n opwekking dat hulle in die geloof moet volhard en vrug moet dra. Die vrug van hulle geloof word sigbaar in die gebede wat hulle tot die Vader bid en die naasteliefde wat hulle tot mekaar uitleef. Wanneer die kind van die Here met ‘n vaste geloof bid sal die Vader die vrug daarop gee. die naaste liefde word uitgeleef in die mate waarin die gelowiges mekaar se oortredinge vergewe.

**Aand diens**
**Sing:** Ps. 95:1,2; Ps. 78:1,3,4; Ps. 34:6,7.
**Lees:** Deut. 21:18-21; Son 39.
**Teks:** Son 39
**Tema: Ons is verplig tot onderwerping aan die gesag wat God oor ons stel.**
***Die grondslag van onderwerping.***
Die eerste gebod van die tweede tafel handel oor die onderwerping aan die gesag wat God in die samelewing gestel het. Die gesagsdraer moet die regering van God aan sy onderdane sigbaar maak. Wanneer die verbond van God weer aan Israel vernuwe word voordat hulle die beloofde land intrek word die gesag van die ouers weer sterk beklemtoon. Wanneer ’n seun opstandig is en nie na sy ouers wil luister nie, moet hy gestenig word. Die regering van God wat deur die ouers bedien word, word op hierdie manier ten sterkste in die samelewing van Israel bevestig.
***Die roeping tot onderwerping***
In die Kategismus word die roeping tot die eer liefde en trou wat kinders aan hulle ouers, maar ook onderdane aan gesagsdraers verskuldig is beklemtoon. Die gesag wat uitgevoer word moet in ooreenstemming met die wil van die Here wees en dit moet met liefde aan die kinders en onderdane bedien word. Op hierdie manier word die gesag van God nie net erken nie, maar sy naam word ook daarin verheerlik. Sonder heelhartige onderwerping aan die gesag wat God oor ons gestel het kan daar nie werklike gehoorsaamheid aan God wees nie,
***Die seëninge uit onderwerping***
Alhoewel die Kategismus nie na die gevolge van die onderwerping of die verset teen die gesag van God verwys nie word dit tog duidelik in die gebod verwoord. Die kind wat hom aan sy ouers onderwerp sal die seëninge van ‘’n lang lewe in die beloofde land ontvang. Die teendeel hiervan is net so geweldig. Die een wat hom teen die gesag van God verset sal die dood sien. Christus het homself geheel aan die gesag van die Vader onderwerp sodat ons nou die seëninge van hierdie gebod kan ontvang.